

M A R K U S
Johannes
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS




# MARKUS 10:1-16

**Lees Markus 10:1-16.**

Wat staan vir jou uit in hierdie teksgedeelte?  Hoe reageer die Fariseërs en Jesus onderskeidelik?

Die Fariseërs, wat die Wet en die Skrif baie goed geken het, geweet het wat reg en verkeerd is, wou Jesus vasvra of in ‘n hoek druk om te kyk of Hy die ware Christus is en die Skrif nakom.

In hul gedagtes was Moses se gebruik om skeibriewe uit te deel (Deut 24) om vergunnings te maak vir mans wat hul vrouens eenvoudig gelos het vir enige onbenulllighede (selfs vir kos wat verbrand het!).  Dit was ‘n mensgemaakte instelling/ vergunning wat deur liberale totaal misbruik is.


Divorce
Decree
PETITION FOR DIS
SSOLUTI
MARRIA
This Petition is for dissolution of marria
ge and it is alleged
oath as foll
WHEREFORE, Petitioner prays for its o
rders:
a. dissolving the marriage betv
ween the Petitioner and Respondent;
b. dividing the marital property
and settling all marital and non-marital prope
between Petitioner

Ook in hul gedagtes was Johannes die Doper wat doodgemaak is (Markus 6) omdat hy Herodes aangepraat het oor sy huwelik met Herodias (sy broer se vrou).

***Wat is Jesus se antwoord?***

Hy gaan nie in ‘n debat betrokke raak nie – Hy neem hulle terug na die Skrif toe.  Hy verwys hulle na Genesis 1 – die bedoeling van die huwelik en die outoriteit van die wet en die Skrif wat steeds geldig is.

***Probeer ons nie ook maar om soms “loop holes”, “agterdeur” te soek om nie die orde van Christus te volg en na te kom nie?***

***Is ons daaglikse praktyke nie gebasseer op uitsonderings, eerder as God se norms nie?***


***Maak ons nie dikwels verskonings van kultuur, omstandighede, nuwe tye om nie God se reëls streng na te volg nie?***

Ons werklikheid is niks anders as die werklikheid van die Nuwe Testamentiese Fariseërs nie.  Net in terme van die huwelik, is die werklikheid in ons land skokkend:


- In 2023 was daar 4 835 geskeide individue in die land
- 72% ongetroudes
- In Suid-Afrika skei meeste mense na net 5-9 jaar in ‘n huwelik
- Jaarlikse egskeidings het afgeneem, maar omdat mense nie meer trou nie
- In Namibië hoef jy nie meer ‘n rede te gee hoekom jy skei nie – daar hoef dus nie eens ‘n rede te wees nie

**2023 sensus:**


- 4 835 geskeides (3 088 vroue & 1747 mans)
- 72% ongetroud



# Yearly Divorces in South Africa




## Divorce by duration of marriage





www.divorcelaws.co.za
www.familylaws.co.za

***Hoe verskil ons werklikheid van Christus se droom/ werklikheid/ plan?***

Egskeidings is onvermydelik, normaal, nie meer die uitsondering nie…

Huwelike word nie meer geëer nie, werk nie meer nie, is nie meer belangrik nie.

In God se realiteit, is die huwelik ‘n intieme verbintenis, nie iets wat ons maar net losweg hanteer nie, maar iets waarin ons groei en verander en God se koninkryk uitleef.  Dis ‘n hartsverbinding – nie net ‘n uiterlike teken nie.


PURPOSE AND THEME
WARNING AGAINST THE INVITATION OF SINFUL MEN
BLUEPRINT

***Hoe verskil ons werklikheid van Christus se droom/ werklikheid/ plan?***

Egskeidings is onvermydelik, normaal, nie meer die uitsondering nie…

Huwelike word nie meer geëer nie, werk nie meer nie, is nie meer belangrik nie.

In God se realiteit, is die huwelik ‘n intieme verbintenis, nie iets wat ons maar net losweg hanteer nie, maar iets waarin ons groei en verander en God se koninkryk uitleef. Dis ‘n hartsverbinding – nie net ‘n uiterlike teken nie.

Ons is deel van God se storie, wanneer ons Sy outoriteit aanvaar, en nie Hy wat by ons storie inval nie…


God se storie...

**Lees ook Markus 7:1-23.**

***Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte?***

Dit gaan vir God oor ons harte. Wanneer jy onder iemand se outoriteit inskuif, wil jy gehoorsaam wees aan Hom en die middelpunt van die storie, Jesus Christus, dieper en beter leer ken.

***Watter stertjies het ons dalk al by God se orde/ plan gesit of weggeneem om by ons omstandighede te pas?***

Lees vers 6. *Wat beteken dit vir jou?*



# MARKUS 7:1-23

# Daar staan geskryf



Jesus vat ons elke keer terug na die Skrif toe.

- Lukas 10:6 – “Eens op ‘n tyd...”
- Daar staan geskrywe...
- Hy haal Jesaja en Psalms aan terwyl Hy aan die kruis is...
- Sy hele missie, dade en denke is gebasseer op die outoriteit van God en die outoriteit van die Skrif.

***Moet ons nie ook maar weer teruggaan na die bloudruk, die goue lyn van God se storie nie? Waar is ons dalk besig om God se norm te verdraai, hoeke te sny of uitsonderings die reël te maak?***

Die Bybel is nie ‘n reëlboek of goeie advies nie – dit is God se hart en bloudruk plan om intimiteit te bou. Daar is baie harde waarhede in, maar ook net sulke ongelooflike te-goed-om-waar-te-wees dinge soos liefde, genade en vergifnis.

# DIE HUWELIK MET CHRISTUS



Buiten die menslike huwelik, verwys Jesus ook na die huwelik van Christus (die bruidegom) met sy bruid (die kerk).  Hy soek intimiteit, gehoorsaamheid, onderdanigheid en ‘n daaglikse verhouding.

*Wat gemaak as jy reeds geskei is, of mense ken wat geskei is… is jy verdoem?*

God se storie sluit genadiglik ook liefde, genade en vergifnis in.  Hy het gesterf aan die kruis om die gaping tussen ons storie en Sy storie te vul en te gom.

Maar moenie van die uitsonderings op die reël die norm maak nie… Kom terug onder God se orde en leef Sy droom!


"Toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie langer verhinder nie, want die koninkryk van God behoort aan mense soos hulle. •Amen, Ek sê vir julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie."
Markus 10:14-15

**GEBED.**

Here, wees ons genadig vir ons ongehoorsaamheid. Seën ons huwelike met intimiteit, eerlikheid en onderdanigheid aan mekaar, net soos wat ons eerlik, gehoorsaam en onderdanig aan U wil wees.

AMEN.